



## KAMMANUUS

Nommer 473 Mei 2021  
'n Publikasie van Onsdorp.com

### TOULEIER Dag Een in Suid Korea



Ralph is nie net my tolk nie, hy is somer ook my chauffeur. Hy laat my ook agter inklim en gou is ek jammer daarvoor. Terwyl hy bestuur bly hy oor sy skouer vir my kyk terwyl hy met my gesels. Hy het boonop nog baie om te vertel ook. Ek kan skaars hoor wat hy sê. Ek kyk meer vir die pad as hy. Ons kom darem ongeskonde by die woonstel blok aan. 'n Klompie kinders baljaar op driewiel fietsies op die betonoppervlaktes rondom die vyftien verdieping torings. Die kompleks sit skuins op teen 'n groen heuwel. Die natuur en die beskawing se woude sy aan sy. Groen en grys. Die woonstel is donker en somber. Die meubels is spartaans en die nagemakte swart leer rusbank lyk nie te gemaklik nie. Daar was ook duidelik nie 'n vrou betrokke by die ontwerp van die woonstel nie want selfs vir 'n man maak die deurmekaar uitleg geen sin nie. Die balkon is toegebou met glas en daar is wasgoeddrade gespan. Ons slaapkamer het darem so 'n hangkas grootte badkamer deur 'n gaping sonder deur. Ek sien al kamermaatjie se gesig as sy hier instap. Sy en hierdie kamer gaan nie maatjies wees nie.

### “Dan verskyn Sy. Die sewe dwergies se mamma...”

Ralph wys my hoe die wasmasjien en die gasstoomwerk terwyl ons vir die woonsteleienaar wag. Dan verskyn Sy. Die sewe dwergies se mamma. Kort is 'n onderskatting. Koeëlronde gesiggie. Hande op die sye, palms na buite. Effe ovaal ogies kyk my 'n paar keer op maar nie af nie. Sy kan geen mens af kyk nie.

“Me, Sumi Yang, you?” Die wysvingertjie point my. Sy het 'n vriendelike stemmetjie ten spyte van die kamma streng houding. “Hennie Greeff,” antwoord ek eerbiedig die pakkie dinamiet. “Ah, Hennie Gherefoe” probeer sy. “Me Sumi Yang, you Hennie San” maak sy toe die reël vas. Ek knik maar net gedwee instemmend. Sy en Ralph gesels verder in Koreaans. Dan groet sy en vertrek so vinnig as wat sy verskyn het.

Ralph verduidelik sy is Japannees en is met 'n Koreaanse lektor aan die plaaslike universiteit getroud.

Hy gaan my nou eers kantore toe neem en my voorstel aan die span. Sumi sal my later weer hier kom kry. Ek wonder hoe ons gaan kommunikeer.

### “Omtrent elke vyf meter sit daar een al om die dam se plat rand..”

Die rit kantore toe neem so veertig minute. Die landskap verander gou na wat mens hulle platteland kan noem. Die toringgeboue van die stad gee bes voor groepies teëldak huisies tussen hoofsaaklik ryslande en soos ons in die heuwels in beweging word daar al hoe meer woud sigbaar. Kort kort ry ons ook verby gronddamme van so tussen vyftig en honderd meter in deursnee.

Rondom feitlik elkeen is daar 'n horde hengelaars. Meeste sit rustig met 'n kampeerstoel en ietsie om te vat vir die dors. Omtrent elke vyf meter sit daar een al om die dam se plat rand. Uitgedos in die nuutste gekamoeleerde visvangdrag van die dag. Breë slaprandhoed met kunsas oral om die rand aangeheg. Die Damme is meestal vol forelle.

Die landskap en veral die boustyl bly vir my bekend lyk. Hier en daar is daar 'n dubbelverdieping maar meeste van die huise het mosbegroeide teëldakke met die vier hoeke wat effe opgebuig is.

Dan tref dit my, Taiwan! Soos daar, is die Sjinese invloed hier baie sterk.

Van voor af gaan 'n bakkie verby me 'n klomp honde in 'n hok agter op. Voor ek Ralph kan uitvra daarvoor, kom ons by die kantore aan.

Ons terreinkantore is in 'n pragtige groen vallei geleë tussen 'n menigte lappies rysplantasies wat strek tot teenaan kersieboorde aan die hange van heuwels.

Die gevoorstellery aan die span gaan soos gewoonlik ongemaklik maar gelukkig vinnig. Dit is net ek en Ralph wat kan Engels praat! My moed sak tot by my skoensole. Hoe gaan ek dit hier hou?

Hennie Greeff  
UITGEWER  
Onrusrivier  
[hennie.greeff@gmail.com](mailto:hennie.greeff@gmail.com)

Barbara Potgieter  
REDAKSIE  
Kaapstad  
[barbipot@gmail.com](mailto:barbipot@gmail.com)

Bill Hewitt  
VERTALINGS  
Montagu

# Om die kampvuur

## Afrikaanse taalskatkis

### idiome van SAGMOEDIGE NEELSIE




C. J. Langenhoven, gesegdes:

Vertel jou vriend wat sy vyand van hom gesê het,  
en jy is die mes waarmee hy sy vyand steek.



'n Man kan nog per ongeluk op  
jou tone trap, maar as hy op jou  
trap, is dit moedswillig.



"Your feet are killing me!"



'n Man sal hom in een nag meer moeg dans as hy hom in 'n  
maand sal werk; en dan sal die dans vir hom nog te min wees  
en die werk te veel.

As die Liewe Here diere met spraak  
bedeel het, wonder ek of hulle die gawe  
sou gebruik het om te lieg.



# Giggels

Lawwe grappies, party is selfs snaaks!

Dans asof niemand jou sien nie,  
Wees lief as jy nooit sal seer kry nie  
Sing asof niemand jou kan hoor nie  
Lewe asof die Hemel op Aarde is



HULLE IS OULIK EN LYK BAIE SKADELOOS  
MAAR HULLE IS BAIE RASERIG EN ONGELOOFLIK  
DUUR OM AAN TE HOU. ONGELUKKIG IS HULLE OOK  
ONMOONTLIK OM MAK TE MAAK.

DIE ANDER EEN IS N KANGAROE,  
VAN HULLE WEET EK NIE VEEL NIE



Hoe die Boesman die heuningby beskryf:

Dis dai groot vliegietjie wat die blom eet en die jam poep!  
Hyt nie die tand by sy bek, maar hy loop met die assegaai  
by die hol !!

## KORPORATIEWE VLOEIKAART

Hoof Uitvoerende  
Beampte

Uitvoerende  
Beamptes

Bestuurders

Die Res



Die ou wat afkyk sien net 'n klomp poef  
Die manne wat opkyk sien net poepholle





# Anna, die Koe en die kû of, die dag toe die gat vir Anna gesien het.



Eenkeer 'n jaar bekyk sy die brosjures en soek 'n plek waar rus en vrede is. 'n Plek waar die mense vriendelik is, die verblyf goedkoop en waar daar iets moois is om te skilder.

So 'n plek kry mens net aan die anderkant van die aardbol nl. die buitewyke van Bikaner in Indië. Dit is hier in die woestyn waar die kameelfees gehou word. Hier is ook 'n tempel toegewy aan rotte.

Sy pak die sleep-en-drasak met koel klere en 'n tjalieltjie of twee vir kouer dae. Die meeste plek word opgeneem deur kitskos want daardie kerrie brand mens uit jou verstand uit. By die blyplek koop mens vars groete en vrugte en vul dit aan met pakkies sop en kitsnoedels. Natuurlik ook sjokolade, *wetwipes*, tandepasta en so aan word ingepak.

Voor dit warm word, neem sy soggens 'n sakkie met skille van die vorige dag, opvoustoel, verf en kwasse om op 'n goeie plek te gaan sit en die mense dop te hou.

Op pad maak sy 'n draai by die klompie beeste wat los rondloop op soek na iets om te eet. Hier loop die diere vrylik rond en wy op kombuis- en restaurantafval.

Hulle is baie dankbaar vir die Anna se skille en staan en kou dan met so 'n veraf utdukking in die oë.

Anna stap vanoggend vroeërig verby die beeld van die godin op die hoek. Helder geel stink afrikaners en lemoene lê aan die veelarmige godin se voete. Elke arm simboliseer een of ander gawe wat sy bereid is om met die mensdom te deel. 'n Entjie verder is die verbleikte blou deur van 'n baie ou huis. Opsigself al 'n skildery werd. Die mis stoot op oor die woestyn en saam met die fietsryers, kamele en mense wat te voet na hulle werk toe gaan, haas sy haar om by haar skilderplekkie te kom. Sy wil nie die wasige tafereel wat hom voor haar oë gaan afspeel, misloop nie.

Langs die pad is 'n sloot waarin afval water en ander noembare en onnoembare dinge afgevoer word. By die voetbruggie staan 'n koeitjie en wag vir haar ontbyt. Tot haar spyt het Anna vergeet om die sakkie met skille saam te bring. Die koetjie kyk haar meewarig aan. Sien daar is vandag niks vir haar nie en sonder omhaal stamp sy Anna in die sloot.

-bp (moenie vir Anna sê nie)



*Bees in Indiese straat*  
*B.Potgieter*


# Ons Wonderlike Wêreld

♪ 'n Padda is 'n ding wat spring ,

wat spring 'n padda is 'n ding...♪

luister hier:

[https://www.youtube.com/watch?v=htw0j\\_Wcoj4](https://www.youtube.com/watch?v=htw0j_Wcoj4)



Oopgevelek lê hy op die tafel. Ons eie Platanna wat in 1930's beroemdheid verwerf het, toe mense nog "in die ander tyd" was en daar nie maklike toetse vir swangerskap was nie. Hierdie padda is 'n bedreigde spesie en is 'n studieonderwerp vir navorsers ook in Amerika. Maar in Australië, is hulle soos 'n plaag van Egipte.



Hulle sê mos: as daar nie paddas is nie, is daar groot fout. Hulle is die barometer van die natuur. Hier in my woonbuurt, het hulle soos mis voor die nuwe bousels verdwyn.

Ek het nooit gedink dat ek hulle gekweel sal mis nie, veral die die brulpaddas wat so aanhoudend op een snaar kon tekere gaan nie.

Met 'n besemstok in die hand het ek een natterige oggend in 'n vakansiehuus, amper die arme padda vir 'n likkewaan aangesien! Wys net uit hart uit die oog.

Suid-Afrika het ook 'n kampioen opgelewer. Die Rana met sy lang bene het die verste in 'n internasionale padda springkompetisie gespring.

Daar is daar natuurlik ook die vette wat soos 'n hond op sy vier pote loop. Nogal grillerig en nors. Ek weet nie of hy kan spring nie, maar hy sal kan hardloop as hy moet. Daar is ander waarby geen Picasso sal kan kersvashou nie, so mooi is hulle. Gaan kyk maar in Carruthers se boek *Frogs of Southern Africa* of op SANBI se webtuiste. Dan is daar hulle stemme van laag brul to hoog kwyl. piep en sommer skree. Gaan klik op 'n padda-skakel en hulle sal vir jou sê watter padda se stem hoor jy. (Of laai die QR kodeleser App op jou selfoon dan hoor jy hoe die padda klink).

Die spookpadda spook nie by mens nie, mens kan hom net nie sien nie. Hy is so dierbaar klein dat jy goed moet soek voor jy hom langs Tafelberg bergwatertjies kry. Hulle is krities-bedreig. (klik op spookpadda om Tyron King se wonderlike versameling paddas op die internet te sien)

Dis nou as jy tot hier gelees het, en jy hou nie van nat vingertjies en sielvolle ogies nie, nou ja, laat hy spring laat hy spring!

# BOEMERANG BOERTJIE

Ray Theron skryf van daar doer onder

## Die Groot 'Saudades'



Die befaamde Portugese reisiger en digter Luís Vaz de Camões (1525 – 1580) praat in sy beroemde werk *Os Lusíadas* (1572) oor die lewe en vaarte van Vasco da Gama van die begrip "saudades", die intense kombinasie van heimwee, verlange en nostalgie wat die Portugese ontdekkingsreisigers ervaar het terwyl hulle ver van hul geliefde vaderland was. Onthou dit is in die tyd toe dit amper 'n jaar ter see geneem het om van Lissabon na Indië te seil! Tot vandag toe is dit een van die hooftemas van fado's, en 'n begrip wat diep in die Portugese siel gewortel is.

Dié van ons wat òf al lank uit die land is, òf in wie se siel 'n diep liefde vir die land van ons geboorte steeds gloei, ken alte goed daardie gevoel van *saudades*, oftewel die groot verlange.

### São Miguel

Kyk, ek ken van verlang. En daar is sekere plekke wat my siel so diep geraak het, dat hulle altyd deel van my wese sal wees. My tydjie op die eiland São Miguel in die Asore het daardie plek so diep in my gewortel dat ek altyd met groot heimwee aan dié wonderlike eiland met sy lieflike mense, verstommende natuurskoon, heerlike kos en wyn en die suiwer lug terugdink. In die net minder as twee jaar wat ek daar gebly het, het ek die plek van kant tot kant verken, hoofsaaklik omdat ek as plaaslike toergids vir Britse en Duits sprekende toeriste gewerk het. Van die kleinste restaurantjie tot vyfster-hotelle, van beskeie winkeltjies tot hipermarkte, van versteekte strandjies tot die gewildste, ek het hulle almal besoek, en almal het deel van my wese geword.

### Japan

My ses maande in Japan het my met goeie herinneringe gelaat, maar die plek – wonderlik en skoon en pragtig – het nie dieselfde merk op my gelaat nie. Dieselfde met my verblyf in São Paulo: dis 'n stad met soveel kontraste, soveel om te sien en soveel lewe en ek het die plek terdeë geniet... maar ek verlang nie terug nie. Lissabon is, naas Kaapstad, my gunsteling stad van al die wat ek al besoek het, en ek sou bitter graag wou teruggaan. My *saudades* vir dié pragtige stad is sterk.

Maar geen plek op aarde trek my hele wese, my siel, soveel soos die land van my geboorte nie. Die eindelose vlaktes van die Karoo, die geur van gannabos, kambro en harpuijsbos, die uitspannel wat so groot en wyd bo 'n mens strek dat jy tegelykertyd oneindig klein en ook deel van die heelal voel, die uitgestrekte wit strande van die Wes-Kaap, die blouer as blou berge van die Boland, die helder bergstrome en die diep klowe, die osoon-gelaaide lug by Palmietstrand in die diepste deel van die nag, en Oudtshoorn se onbeskryfbare *genius loci*, DIT is wat so diep in my hele bestaan gesetel is dat ek dit nooit in der ewigheid kan verloor nie.

Soms stap ek hier in die verre weste van Sydney met ons twee honde, en dan ruik ek opeens die geringste sweem van 'n geur wat my hart onmiddellik met verlange laat kramp, of die bries wat my vel streel herinner my aan Langebaan in die winter..

Dit is seker maar die ouderdom, sowel as die wete dat ek nooit weer die voorreg sal hê om weer die stilte van 'n Noord-Kaapse vlakte of die duisende aroma van doringboombloei in die lente te ervaar nie wat my *saudades* so intens maak. Jou ware tuiste is waar jou siel sug en sê, "Hier hoort ek."

*Ek voel net so al bly ek in Suid-Afrika-red.*

HEIMWEE J.L.R. van Bruggen)

My hart verlang na die stilte van die wye wuiwende veld  
ver van die stadsgeluide, en die klinkende klank van geld.

Ek is moeg vir die rustelose lewe van mense wat kom en gaan  
. 'k Wil terug na die vrye ruimte, waar 'n siel in woon, wat verstaan.

O, ek sien weer die son op die velde en die ewige blou daar bo

. En my hart skiet vol van heimwee, en my drome swem in my oë, en my hart skiet vol  
van heimwee, en my drome swem in my oë.

[https://www.youtube.com/watch?v=Mx2jdM56AaI&list=RDMx2jdM56AaI&start\\_radio=1&t=0](https://www.youtube.com/watch?v=Mx2jdM56AaI&list=RDMx2jdM56AaI&start_radio=1&t=0)



## Dokters en hul grappies

**Dr. Franna Malherbe**

Pasiënt: "Dokter, ek het 'n pyn in my linkervoet."

Dokter: "Moenie jou bekommer nie; dis net die ouderdom."

Pasiënt: "In daardie geval, hoekom het ek nie pyn in my regtervoet ook nie? Ek het hom al net so lank soos die ander een!"



Psigiater: "Word u gepla deur onbehoorlike gedagtes?"

Pasiënt: "Nee, dokter, ek geniet hulle nogal."



Ontvangsdame: "Die eerste afspraak wat ek u kan gee, is op 3 September."

Pasiënt: "Goeie wêreld, dis eers oor vier maande! Ek kan al dood wees teen daardie tyd."

Ontvangsdame: "Toemaar, u kan altyd u afspraak kanselleer."



'n Voorbeeldige tante is onlangs deur haar dokter gevra hoe dit met haar man gaan. Sy wou nie jok nie, maar die waarheid was half ongemaklik.

Toe antwoord sy: "Nee wat, dokter, maar soos met Paulus . . . kort-kort in die tronk."



# BRIEWEBUS

*skryf gerus oor wat jy op die hart het*



Uit Engeland skryf Retha Beeken:

*More Ambassador,*

*Glo dit gaan goed met jou en Baas.*

*Ons geniet jou nuusbrief terdeë.*

*Paar van ons het R500 in die kleingeldbottel bymekaar gemaak, en wil graag skenk aan jou projek in Hennenman of Humansdorp?*

*Ons sal jou graag wil skakel.*

*Verneem graag*

*Grietjie*



Dankbaar Grietjie! Ek sien jy noem my steeds Ambassadeur! Ons moet weer so iets aan die gang kry! Daardie meisie in Noorweë het toe kontak kon maak met mede Saners as gevolg van ons hulp.

Ek het die skenking veilig ontvang en dit gaan aan Hennenman se Helpende Hande. Hulle het juis laas maand vir ons 'n sertifikaat van erkenning gestuur vir die volgehoue ondersteuning wat ons lesers bied. Met julle gereelde skenkings kan ons elke maand R1000 stuur waarmee hulle die honger kinders daar help. Hennie

*Uit Namibië*

*Hello Hennie*



*Ek hoop dit gaan goed. Ek het by Agra begin werk en die eerste Kammanuus nommer 443 het daai maand van September 2018 deur gekom.*

*Ek is toe sommer net daar verslaaf aan Kammanuus. Met nadere ondersoek kry ek toe ook nommer 438 van daai April 2018 op die rekenaar maar niks verder nie.*

*Is daar dalk 'n plekkie waar mens die vorige nommers kan aflaai?*

*Baie dankie en mooi bly*

*Diolene Truter - Keetmanshoop*

Dankie vir jou navraag Diolene!

Dit gee my die geleentheid om sommer gou te vertel dat weens 'n misverstand tussen my en die webmeesters laas jaar, het ons ALLE vorige nuusbriewe wat daar op die webwerf gestoor was, verloor!

Kammanuus is al aan die gang vanaf 2002 en het ek ongelukkig nou nog net hier en daar van die vroeë uitgawes.

Indien daar van ons lesers is wat kan help met afskrifte tussen 2002 en 2006, sal ek dit vreeslik waardeer. Stuur net eers vir my 'n lys van die nommers wat jy het, dan sal ek laat weet watter julle kan aanstuur -

Dankie by voorbaat, Hennie



# EERSTE WÊRELD- OORLOG VERHALE

Genl. Botha En Die Duits-Suidwes

## **Offensief (Deel 2 – Rebelle!) Reinderd Visser**

Net om jou geheue te verfris – In deel 1 het ek vertel hoe die Samestelling van die Unie-leër uit soldate en offisiere van beide Engelse as Boere-kant na 1910 tot ongelukkigheid by sommige van die Afrikaner-offisiere in veral die Noorde (Vrystaat en Transvaal) gelei het. En hoe die oorlog teen die Duitsers en die beplande inval in Suidwes tot verdere ongemak gelei het, juis omdat die vyand van nou - Duitsland - die Boere-Republieke tydens die oorlog van 1899 tot 1902 gesteun het teen die Engelse - die vyand van toe. Vandag sien ons hoe hierdie frustrasie tot 'n Rebelle gelei het.

Die soldate van die Unie-magte wat hul inval vanuit die Suid-Weste (van die Springbok/Steinkopf area) geloods het, het op 26 September 1914 die eerste werklike kontak met die Duitse magte gemaak. Dit was by Sandfontein in die Suide van Duits-Suidwes, maar iets was nie pluis nie. Die Suid-Afrikaners is net te maklik omsingel en tot oorgawe gedwing, so asof die Duitsers hulle daar verwag het. Het hulle vooraf informasie van die bewegings gehad? Luit. Kol. Manie Maritz, die leier van die invalsgroep uit die Suid-Ooste (vanaf Upington) en wat ondersteuning moes bied tydens die eerste inval, het boonop geweier om met sy troepe uit Upington te vertrek, kwansuis omdat hulle nog nie gevegsgereed was nie. Dit het blykbaar verder bygedra tot die nederlaag by Sandfontein.

Van hier het dinge vinnig gebeur - dinge wat niks met die oorlog in Duits-Suidwes te doen gehad het nie. Op 9 Oktober het Luit. Kol. Maritz sy ware kleure gewys – hy het as offisier bedank en in soveel woorde gesê dat hy nooit vir Engeland sal veg nie. Hy het met die troepe wat lojaal was aan hom na Duits-Suidwes uitgewyk en by die Duitsers aangesluit. Dit blyk later dat hy al jare lank in die geheim in kontak met die Duitsers was en waarskynlik ook die SA magte se bewegings by Sandfontein aan hulle deurgegee het. Hy het dus sy eie mense verraai! Op 12 Oktober het hy die vestiging van 'n onafhanklike republiek in Suid-Afrika aangekondig en 'n oproep gerig aan elkeen wat ten gunste was daarvan om hul wapens op te neem en te veg vir onafhanklikheid. Die Rebelle het amptelik begin, al sou fisiese skermutselings eers later in Oktober plaasvind. (vervolg bl12)



# Uit die wakis



Weet jy wat beteken:

**fnuik**

**balbyter**

**anapes**

**kettingtrek**

(antwoorde elders op die bladsy)

*vlieëplak*

## PLAK

'n Plak is die ding waarmee kinders gewiks is in die dae toe mens nog kon. "Gaan haal die **plak**!" woorde en 'n stemtoon wat rillings by jou rug laat afgly het. Natuurlik is die vlieëplak vir ander sesbenige vlieë stouterts bedoel.

Weet jy die vlieëplak het ook 'n belangrike rol in die antieke geskiedenis en kultuur gespeel? Kyk maar op die

Boesmantekeninge, so 'n swepie van klaasneusstertjies is te sien. Dit is in die figuur se hand of steek by sy pylkoker uit. Hierdie **vlieëplak** is deur die Boesmandokter gebruik om sy sweet af te vee en ook op die sieke te sprinkel! Jakkalsstertjies, miskien meer prakties, is ook vir dié doel gebruik. Die Boesmans noem die ding *xam* (bo-aards) en dit moes aan 'n magiese driedoringtakkie vasgemaak wees.

Die tekeninge is tot 45 000jaar oud.

Intussen het die Faraos ook op hul muurskilderinge iets in die hand wat na 'n swepie lyk: dorsvleël.

Ouens vir wie dit nodig is om die onsigbare by hulle medisyne in te sleep, gebruik selfs vandag nog 'n beesstert as **plak** om in die atmosfeer rond te ritsel.

In die onlangse verlede het ons gesien selfs 'n blikkie *Doom* in die hande van 'n sekere vroulike prediker, kan wondere verrig.

Dalk het 'n feetjie iets soos 'n tower**plakkie** in haar hand.

Kinders knip en **plak** deesdae graag goeters uit papier, grootmense knip en plak goeters met hulle rekenaar en dan is daar die haweloses wat eenvoudig net **plak**.



*Die Boesmans het vlieëslaners van hulle stertjies gemaak.*

## Antwoorde:


(sit in die regte volgorde)

verhinder; toilet spoel,; mier met groot kop; lang pote en regopstaande agterlyf; versvoet van drie lettergrepe met die klem op die laaste een

# Bakkiesboek bakkerasies



## Die Fluitspeler van Kehrwieder



**Jood, Moor en Mohammedaan. Dan sommer die Boere en die Engelse ook, almal in ons straat in het daarvoor geval.**

Mens kan dit verstaan: die goed kim uit teen die gladste rand van die pot om wellustig daarin af te loer. Selfs 'n enkele waterdruppel is 'n geleentheid om van die res van die dagtaak af te wyk en kringetjie om die kroeg te vorm.

Die spinnekoppie teen die kosyn neem namens ons wraak en maak 'n bespikkelde ragfyne kombersie wat bewe in die briesie.

Neidig steek ek die gasbrander op die stoofplaat aan. Dit is om hulle te laat verstaan hierdie is nie 'n veilige werkplek nie. Maar lyk my hulle kry *danger pay* want hulle kom altoos weer terug.

Selfs die vloerlyste is nie veilig nie. Soggens Lê daar 'n hopie sand en skaafsels op die vloer - hulle verdrink in kookwater, maar more skuif die hopie net verder.

Vandag gaan die fluitspeler goeie besigheid maak. So al om die uur is daar geleentheid vir elke desperate huiseienaar om sy klein ongetroedelde diertjies te sien gaan.

'k Hoop die man se beursie kan dit hou.

Vatso! Ek druk sommer self die afgedwaalde miertjie met my pinkie plat. -BP

# EERSTE WÊRELD-OORLOG VERHALE

(vervolg van bl 9)

## Rebellie



**Generaal Louis Botha**

Die Suid-Afrikaanse regering het op 12 Oktober krygswet aangekondig en sommige van die troepe wat op pad was Duits-Suidwes toe vir éérs onttrek om die situasie in Suid-Afrika self uit te sorteer. Intussen het die meeste van die offisiere wat sou rebelleer ook uit die leër bedank en met hul volgelingen gereed gemaak om hul plan van gewapende verset uit te voer. Die premier, Genl. Botha, het self bevel van die regeringsmagte oorgeneem nadat die stafhoof, Genl. Beyers, bedank en by die rebelle aangesluit het. Die eerste skote van die Rebellie het op 27 Oktober 1914 in sowel die Oranje Vrystaat as die Transvaal geklap. Dit was letterlik familie teen familie en daar is vele voorbeelde hiervan – die bekende rebel Jopie Fourie, wat later van hoogverraad aangekla en voor 'n vuurpeleton gesterf het, se neef het byvoorbeeld aan die kant van die regeringsmagte geveg en gesneuwel. En dit was ook kameraad teen kameraad – die grootste gedeelte van die regeringsmagte teen die rebelle was Afrikaans-sprekend en hulle het vroeër langs mekaar tydens die Boere-oorlog geveg. Nou was dit Botha, Smuts en Reitz teen Beyers, De Wet, Kemp en Maritz. Met 32 000 regeringsoldate teen die ongeveer 11 400 rebelle.

Een van die mees deurslaggewende veldslae was op 12 November teen Genl. De Wet en sy rebelle-mag by Mushroom Valley in die Vrystaat. Met die regerings-magte se oorwinning hier en die vluggende Genl. De Wet se oorgawe op 12 Desember het die Rebellie se wielspeke verdrink. Al meer rebelle het begin oorgee en teen die middel van Desember was die opstande in beide die Oranje Vrystaat en die Transvaal min of meer volledig onderdruk.

Daar was egter nog onrus in die Noord-Kaap, veroorsaak deur die selfverklaarde generaal, Manie Maritz, en sy rebelle, asook Genl. Kemp wat by hom aangesluit het. Maritz se aksies aan die begin het die Rebellie ingelei en ironies genoeg sou die laaste skote van die rebellie ook deur sy troepe gevuur word. Op 3 Februarie 1915, by die finale slag naby Upington, het Maritz se troepe, almal in Duitse uniforms, saam met Genl. Kemp oorgegee. Maritz self het landuit gevlug. Die Rebellie was finaal verby en die droom van 'n eie republiek is in die kiem gesmoor, maar nie sonder 'n prys nie.

Syfers verskil, maar volgens 'n parlementêre verslag het 190 van die 11 400 plus rebelle gesneuwel, tot 400 is gewond en die meeste is gevange geneem. Aan die regeringsmagte-kant het 132 soldate gesneuwel en is 275 gewond. Die getal ongevalle klink verbasend laag, en dit was ook so. Al was dit 'n volskaalse rebellie het die opponente dit moeilik gevind om op mekaar te skiet. Generaal Smuts het byvoorbeeld die regeringstroepen aangesê om net te skiet sodra op hulle gevuur word. Die rebelle het ook meestal met huiwering op hul land- en taalgenote geskiet. Die straf wat die rebelle gekry het, was ook verbasend lig. Buiten vir die vuurpeleton-dood van Kapt. Jopie Fourie, wat nie uit die weermag bedank het voor hy begin rebelleer het nie en daarom aan hoogverraad skuldig bevind is, het die res van die rebelle geen of relatief ligte gevangenstraf of selfs net boetes gekry. Die prys aan lewensverlies was moontlik laag, maar die prys op emosionele vlak het diep wonde nagelaat. Hoe ookal, met die Rebellie is nog 'n stuk hartseer in ons geskiedenisboeke ingeskryf. Tog, met alles nou min of meer weer rustig tuis, kon Generaal Botha sy fokus terugskuif na die offensief in Duits-Suidwes. Volgende keer is ek terug by die groep wat vanaf Lüderitz Ooswaarts sou beweeg



## Agteros kort voor slaapyd

### Koop 'n nuwe bed en behou jou man.

Ons trek Robertson toe! Die dorp van wyn en rose.

En jakaradas en muggies en muskiete.

Laasgenoemde het ons, helaas, nog nie geweet nie.

In 'n staat van euforie word al ons meubels, 'n spul af en deurleefde stukke verkoop.

Vervoerkoste is hoeka duur en 'n nuwe plek, so maak ons mekaar wys, vra

"Ons is pioniers," bemoedig ons mekaar.

"Ons voorouers is blootvoets oor die Drakensberge," kreun my man op sy klein, harde bedjie.

"Hoe anders" beaam ek minder oortuigend as die vorige nag.

Eintlik smag my lyf klaar na regte bed.

Na vier dae het my pioniersbloed genoeg verwater. 'n Regte bed is nie meer 'n luukse nie dit en nuwe meubels.

"Of ek bou sommer self" sê my begeesterde man.

"Ja, " juig ek hom handeklappend toe. Entoesiasme doen baie aan 'n man se selfbeeld.

So kom ons, soos swerwers by die beloofde land of liever dorp aan. Met twee kampbedjies, 'n opvoutafel, paar stoele en die nodigste goed vir oorlewing.

Die bed het 'n noodsaaklikheid vir oorlewing en verhouding geword.

Na 'n week van marteling, kondig ek dramatiese aan: "Ek soek 'n bed. 'n Regte bed mette regte matras met mooi linne," en voeg dikbek by: "ons moes nooit ons ou bed verkoop het nie".

Ek gluur die patetiese kampgoed aan wat jare gelede al op die ashoop moes beland het. "En," stoomroller ek voort, "Ek soek 'n groot bed. Hoe groter hoe beter. Met genoeg spasie tussen in.

Vir ons. Vir albei. En vir boeke, rekenaar hond, kat...dis karoowarm wêreld dié. Mens soek nie nog liggaamshitte naby jou nie. Tenminste nie in die somer nie."

Hy knik instemmend maar die bed bly op die agenda. Om die waarheid te sê dit sak laer in prioriteit. Want die motorhek wat ooparm hang en elke

bedelaar innooi moet reg. Die stukkende ventilasies en verstopte geute vra aandag. Die vensters, wat byna jarelank stopverfloos die natuur en inbrekers trotseer staan ook in die ry. En kersie op die koek is die kleimure. Die rou baksteenmure wat so artistiek by oogopslag vertoon het, het geen fondasie nie. Dop af soos ding wat behae daarin skep om te vervel. Of skilfers het. Want als is en bly onder 'n wit stoflaag.

Asof hy gedagtes kan lees, my tirade hom verbygaan, streel hy oor 'n stuk muur en merk bewonderend op, "Dis nog met regte kalk geverf, weet jy !"

Ek kyk hom giftig aan. Ek groot en swaar van lyf. Hy lank en maer.

"My kampbeddae is verby," skree ek vir hom en vir ons outentieke huis met vele gebreke.



## Koop 'n nuwe bed en behou jou man 2

### Handsak onder die blad bestorm ek die dorp.

Sonbessies juig oor 40 grade Celsius terwyl ek, wat krankhede ken en verduur, hinkend en afgeleef, vir elke skadukolletjie mik.

Winkel na winkel stap ek binne "B--b-beddens" stotter ek met 'n tong wat teen my verhemelte vaskleef. Die hitte is ondraaglik. Hulle wys. Ek kyk. Bekyk. Loer hierna dan daarna. Prewel nou en dan iets. Soms ontsnap selfs "oe en a" as ek 'n minuut of wat op 'n bed neersak dat my arme bene kan rus. Ek stem met als wat hul kwytraak saam. Maak vals beloftes en stap daarna so swierig moontlik met my klewende natgeswete rok uit.

Buite haal ek asem. Mens van wanneer af is 'n bed so duur? Dis 'n plaas se geld! Ek is moedeloos en dors. My voete gedaan, my spatare bultend.

Iewers in 'n verhaal, val dit my so uit die bloute by, sit n vrou in die woestyn by 'n put en wag.

Dalk het sy ook 'n bed gesoek. Of nee, onthou ek vaagweg. Die gelukkige vrou het op

'n prins gewag. En prinse het beddens. Baie beddens. Ek voel bedroef en bedruk. My selfoon lê by die huis. My lang maer prins ook. En die pad huistoe deins deur die hittegolf.

Terwyl ek soek na iets om teen te leun, stop iemand my hul plaaslike koerantjie in die hand.

"Kyk" sê die vrou asof sy weet. Asof sy die pad reeds gestap en voltooi het. "Kyk vir tweedehands, mens weet nooit" en voor ek haar om die hals kan val, verdwyn my Samaritaan in die naaste winkel.

So sit ek die aand by ons kampeertafeltjie op 'n opvoustoel en snuffel deur die advertensies in die Dorpskoerantjie en sowaar hier's 'n bed! R1500 met 'n goeie matras daarby!

Dat die gode my so genadig kan wees. Ek bel. Dit lui en lui. Ek sien dis 10uur verby.

My man snork dat die dreun. Dalk is die nommer verkeerd. Ek tik dit stadig en sekuur in. Uiteindelik is daar antwoord.

"Die bed." artikuleer ek so beskaafd as moontlik, "is dit nog daar?" Eers is daar stilswye.

Dan 'n gefluistery in die agtergrond. "Nee", hoor ek hom brom "dis nie siekte of dood nie... dis 'n vrou wat oor die bed bel".

"Mevrou" laat hy weer van hom hoor, "dis laat in die nag. Ek en my vrou is oumense. Jy sal more moet kom kyk. Maar ek wil jou net waarsku dis 'n groot bed. Baie groot".

Ek moet keer of ek gil. "Ek vat dit. Ek vat dit. Cash en kontant...asb moennie dit verkoop nie...daai bed is manna uit die hemel...dis vir my gemaak en...".

"Ja mevrou. Nag mevrou." Klik.

Ek jubbel. Ek loop oor. My man slaap die slaap van die regverdige. Ek moet vir iemand bel of vertel. Dis byna middernag. Ek kyk na die muur langs my. Vryf daaroor. Verfblase dop af, val grondtoe. My hand is wit gekalk, Darem iets tasbaars troos ek my.

"Ek gaan 'n bed koop" roep ek onverskrokke uit en skrik vir my stem wat hard in die kamer tussen my man se naggeluide weerklink. Ek loer na manlief wat lustig balke saag. Min gespin met my nuutgevonde vreugde. Maar die muur luister. Ek voel 'n soort gebondenheid. As 'n middernagtlike gespreksgenoot is 'n muur beter as niks. "Dis 'n yslike bed." fluister ek vir die geskifte muur langs my. "Ontsettend groot. More vroeg koop ek dit. Kontant. Moreaand slaap ek daarop!" en gee hom, soos mens 'n intieme vriend op die boud sal slaan, 'n ligte klappie met die hand.

Eers is daar stilte. Dan asof hy iets verstaan, dalk my vreugde deel, raak 'n stuk pleister los en plof langs my op die grond, "Dankie" prewel ek ontroerd. (word vervolg)